

## Gely het onder Pontius Pilatus

Die inkarnasie is in die vorige uitgawe van nader beskou. Oor die Tweede persoon (Seun) se menslike geskiedenis word daar volgende gehandel. Nicea se belydenis stel: “Hy het mens geword; onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig; Hy het gely en is begrawe”; terwyl die Apostoliese geloofsbelydenis stel: “wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en ter helle neergedaal het”.

Wat betref die verskille: Die woorde “mens geword het”, is in antwoord op die dwaling van Arius geformuleer (volgens Arius was Jesus meer as mens, maar minder as God). Die kerkvadere wou baie duidelik stel dat Jesus ware mens was, nie ’n verhewe wese nie. Waar die twee geloofsbelydenisse verskil, is ten opsigte van woordorde. Hierdie verskille het meer met sinskonstruksie te make en is nie teologies van groot belang nie. Die Apostolicum voeg die woorde “gesterf het” by. Met verwysing na die Niceense belydenis moet dit duidelik gestel word dat die woorde “is begrawe”, impliseer dat Hy gesterf het. In die bespreking wat volg, gaan daar derhalwe gefokus word op die elemente wat bely word met die veronderstelling dat al die elemente teenwoordig is in die Apostolicum en Nicea.

“Hy het mens geword” verwys na die feit dat die Tweede persoon die mens Jesus (Christus) van Nasaret geword het. Hier het ons met ’n geheimenis te make wat

net bely kan word. Die Seun het mens geword, met ’n spesifieke naam en adres. In terme van historiese belang sou ons kon stel dat God totaal deel van die menslike geskiedenis geword het.

Daar word na lyding en kruisiging verwys. Geen woord word gerep oor die res van Sy lewe hier op aarde nie. Ons bely Sy geboorte (menswording) en dan Sy lyding en sterwe. Wat van die ongeveer 33 jaar wat tussenin verloop het? Wat van al die wonders wat hy gedoen het, wat van al die gelykenisse wat hy vertel het? Kan ons van geboorte na kruisiging spring sonder om Sy lewe te bely?

Ons sou elemente van Sy kinderjare kon noem, soos die feit dat Hy op die regte stadium besny is en dat die relevante offers volgens die Skrifte gebring is, dalk self bely dat Hy soos alle ander Joodse seuns ’n Barmitswa gehad het. Sy boodskap, veral soos dit in Sy gelykenisse na vore kom, het mense se denke verruim. Tog bely ons dit nie. Ons almal glo dat Jesus wonders gedoen het, op water geloop het. Tog is dit nie in ons belydenis opgeneem nie.

Is daar substansie tot die historiesekritiese benadering wat fokus op die “historiese Jesus”? Is die antwoord geleë in stories soek en vertel sodat almal hierdie “inspirerende Sjamaan” kan leer ken? Waarom nie?

’n Eerste deel van die antwoord kan gegee word deur na ons eie situasie te kyk, Indien ons aansoek doen vir werk,



handig ons 'n Curriculum Vitae in. In daardie eie getuigskrif lys ons dan al die voortreflike eienskappe en prestasies wat ons die geskikte kandidaat maak vir die werk. Is dit alles wat ons gedoen het? Allermens bevat dit alles wat ons gedoen het en alles wat ons bereik het. Inteendeel, ons lys byvoorbeeld net ons hoogste kwalifikasie, en nie elke graad of standerd wat ons geslaag het nie. Ons maak 'n uittreksel uit ons lewens, dit is alles wat ons bereik het wat betrekking het op die werk, dit is alles wat toepaslik is vir die uitvoer van pligte van die pos waarvoor ons aansoek doen

Die Niceense belydenis het reeds die menswees gekwalifiseer deur te verwys na Jesus wat "vir ons" mens geword het. Daardeur word aangedui dat die Inkarnasie ons heil ten doel het en dat die belydenis dit sal verwoord wat juis ons heil in die oog het. Jesus was soos enige ander mens, en Sy C.V. vertel die verhaal van dit wat betrekking het op die taak wat aan Hom opgedra is.

Gely het

Lyding en dood is die loon van die sonde en dit is die volle prys vir die sonde wat betaal moes word. Jesus Christus se C.V. vertel daarom van Sy lyding en sterwe, nie om die opdrag te kry nie, maar omdat Hy die taak gehad het om te betaal vir al ons sondes. Al was Jesus se mens-wees baie meer as dit wat ons bely, bely ons alles wat betrekking het tot ons saligheid. In Calvyn se taal; ons bely slegs dit wat wesenlik is tot ons verlossing. Wanneer Petrus bely dat Jesus die Christus is, die Seun van die

lewende God, is Jesus se antwoord om te verwys na Sy lyding en sterwe.

Jesus se lyding is nie beperk tot Goeie Vrydag nie, Sy ganse lewe op aarde word gekenmerk deur lyding. Op Hom rus die toorn van God omdat Hy ons sondes op Hom neem, dit is 'n lyding sonder grens omdat al ons sondes op Hom rus. Ons sonde wat Hy op Hom neem maak Sy bestaan 'n lewe sonder hoop, sonder sin of toekoms omdat sonde sinneloos is. Lyding kenmerk Sy hele lewe.

Die Seun wat inkarneer is, leef nie 'n glorieryke lewe hier op aarde nie, maar bewandel die Via Dolorosa – die pad van smarte. Dit dui nie op die mag van die bese nie, maar op die vrywillige prysgawe van die Seun. Die Heidelbergse Kategismus stel dit as volg in vraag en antwoord 37:

Vraag: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).

Daar is waarde in die legende dat die hout van die krip gebruik is om die kruis te maak. Die skaduwee van die kruis val inderdaad op Betlehem. Jesus is die sondelose midde 'n sondige geslag. Daar is geen ander uiteinde as dat Hy sal

sterf nie. Omdat sonde is wat dit is, moet Jesus as sondelose se bestaan een van lyding wees wat op die dood uitloop. Dit is LYDING. Die paradoksale van die Here Jesus wat ly, moet altyd voor oë gehou word. God word mens vir ons en hierdie ware mens en ware God ly aan die kruis, vir ons!

Onder Pontius Pilatus:

Waarom word hierdie heidense keiser genoem in 'n belydenis oor die Heiland?

Die ironie van die kruis is dat iemand wat in 'n regsverhoor onskuldig bevind is, ter dood veroordeel word.

Die verwysing na lyding onder Pontius Pilatus is eerstens 'n tydsaanduiding. Net soos Jesus 'n mens met 'n adres was, net so het Sy lyding plaasgevind onder 'n bekende Romeinse heerser wat deel was van 'n besondere wêreldryk. Jesus se lyding is histories aan te dui, dit is nie 'n mite of 'n projeksie nie. In antwoord op die Gnostiek wat Sy lyding tot 'n metafisiese ontasbare entiteit wil vervorm, is die antwoord dat Hy in die tyd van Pilatus gely het. Hierdie punt kan ook anders gestel word. Die openbaring van God is nie 'n kosmiese proses of astrale vaagheid wat algemene verhewe waarhede bevat nie. God se openbaring vind konkreet in die geskiedenis plaas, onder die regering van die enigste heidin wat in die belydenis genoem word. Hierdie openbaring is "hier en nou" aanduibaar. Die Seun word mens en ly in die tyd wat bestem is tot 'n einde. Ons geskiedenis en die bestaan van die skepping is aan verganklikheid onderworpe. Jesus se menswording en lyding in hierdie verganklikheid dui op 'n

einde van hierdie bedeling. Die nuwe werklikheid sal deurbreek. Dit gaan nie van buite vermag word nie. Dit gaan van binne hierdie werklikheid gedoen word.

Pontius Pilatus is verteenwoordiger van die Romeinse ryk. Om onder hom te ly dra ook die betekenis dat Jesus se dood wyer implikasies het as net vir die Jode en Israel. Sy dood het kosmiese betekenis en is nie beperk tot die plaaslike omgewing nie. Hy was nie deur plaaslike Joodse owerhede ter dood veroordeel nie, maar deur 'n vors wat deel is van 'n wêreldryk.

Die Heidelbergse kategismus stel: 38 Vraag: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely? Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom. Pontius Pilatus verteenwoordig ook die Romeinse reg. Die Romeinse reg was en word steeds hoog aangeskryf. Uit die Romeinse reg het die Romeins-Hollandse reg ontstaan wat in ons land gegeld het tot ons vervorm het na 'n sisteem waar menseregte en 'n liberale grondwet voorskryf. Die Romeinse regsisteem was regverdig en sistematies. Baie ag dit die beste en mees regverdige sisteem denkbaar. In die ruimte van hierdie regsisteem word Jesus verhoor en onskuldig bevind. Pilatus stel dit ook by herhaling. En tog word Hy ter dood veroordeel. Die skokkende is dat daar in hierdie sisteem 'n onskuldige ter dood veroordeel word.

Die feit dat Pilatus Jesus onskuldig bevind het, wys daarop dat Hy werklik

onskuldig was. Tog word Hy ter dood veroordeel omdat die wêreld Hom nie kon verdra nie. Jesus was nie net onskuldig voor die hele wêreld nie, Hy was onskuldig voor God. Hy was God se geliefde Seun in wie God 'n welbehag het. Tog kies Hy om voor God te verskyn met al ons sondes wat Hy op Homself geneem het. Hierdie byna ondraaglike las neem Hy gewillig op Homself om so te kan betaal vir al ons sondes. Dit maak Hom voor God die onskuldige wat al die skuld op Hom neem en met Sy dood alle sondeskuld verdelg.